8. RAPPORT VAN DIE ROEPENDE KERKRAAD (Art 8)

A. Ds HS Coetzee stel die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
C. **Besluit:** Met dank kennis geneem van Rapport waarop die voorsitter ‘n dankwoord rig aan die Roepende Kerkraad vir ontvangs en ook aan laasgenoemde se voorsitter, ds HS Coetzee, vir die toepaslike opening van die vergadering.

D. **RAPPORT**

1. Oproep

Die oproep van die Sinode is vroegtydig in *Die Kerkblad* (Junie en Oktober 2015) gepubliseer, terwyl oproepe later aan al die Deputate vir Korrespondensie van die Streeksinodes gestuur is (26 Mei en 12 Augustus 2015).

2. Kredensiebriewe

Hieroor sal tydens die vergadering gerapporteer word.

3. Huisvesting

Die Universiteitskoshuis, Dennepark, is tot die beskikking van die Roepende Kerkraad gestel. Etereëlings sal in die Aanvullende Rapport bekendgemaak word. Die Sinodegangers kan van Dennepark gebruik maak van Maandag 11 Januarie 2016.

4. Die Sinode begin DV op 12 Januarie 2016 om 10:00.

5. Verversings

Die susters van die Potchefstroomse gemeentes sal aan die afgevaardigdes koffie, tee en vrugtesap tydens die pouses verskaf.

6. Sittingstye

Die Roepende Kerkraad beveel, in ooreenstemming met die sittingstye van die vorige Sinode, die volgende tye aan:

Weeksdae:	08:00 – 10:30	(Teepouse)
	10:45 – 12:30	
	14:00 – 16:00	(Teepouse)
	16:15 – 17:30	
	19:00 – 21:00	
Saterdag:	08:00 – 10:30	
	10:45 – 12:45	

7. Verwelkoming

Alle afgevaardigdes en besoekers is hartlik welkom op Potchefstroom en die Roepende Kerkraad sal graag u verblyf so aangenaam as moontlik maak.

Ons bid dat die Here sy seën sal gee sodat hierdie vergadering die instandhouding en groei van die Gereformeerde Kerke sal dien.

E. **AANVULLENDE RAPPORT**

Die Roepende Kerkraad, Potchefstroom-Die Bult rapporteer aanvullend oor die ontvangs en deputering na die Buitengewone Algemene Sinode 2016.

Kredensiebriewe is van al die Deputate Korrespondensie van die Streeksinodes ontvang. Dit is behoorlik onderteken en in orde bevind.

Besluit: Met dank kennis geneem van Rapport waarop die voorsitter 'n dankwoord rig aan die Roepende Kerkraad vir ontvangs en ook aan laasgenoemde se voorsitter, ds HS Coetzee, vir die toepaslike opening van die vergadering.